

Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!

Die Boodskapper

Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) / admin@gkbo.org.za

Oggenderediens (9:00) : Ds Jaco Linde

Vooraf: Ps. 7: 1,2 (Totius)
Votum en groetseën
Sing: Ps. 48: 1,3 (Cloete)
Geloofsbelydenis
Sing: Lied 547: 1, 2
Gebed
Wet van die Here
Sing: Ps. 137 (a):1,2 (Cloete)
Woordbediening

Skriflesing: Jer. 29: 1-14 Teksvers 7
Tema: *Die wêreld: Bevorder die stad se vrede*
Bevestiging van ouderling Mias van der Walt
Sing: Ps. 134:4
Gebed
Liefdegawes
Sing: Sb.18-6: 1-5
Seën van die Here
Amen

English Service (16:30) : Rev Tshidiso Moletsane

Greeting and Benediction
Sing: Now thank we all our God
Lord, I lift your name on high
How great is our God

Apostolic Creed
Ten Commandments

Scripture: Psalm 98:1; Eph 5:19; James 5:13
Theme: *The Discipline of worship*
Prayer of Thanks
Sing: What a friend we have in Jesus
Bind us together
Benediction
Doxology for the Blessing

Aanderediens (18:00) : Ds Coen Vrey (BY GK BELLVILLE)

Sing vooraf (staande): Ps.68: 9,13
Votum en Groetseën
Loflied: Ps. 84: 1,3,4
Gebed
Sing: Ps. 27: 4,5
Skriflesing: Jak. 2: 14-26

Tema: *Is ons geloof nent 'n woord-geloof of ook 'n aksie-geloof?*
Gebed
Kollekte
Slotpsalm: Ps. 40: 4,5
Seën van die Here

Waarvoor kan ons bid?

- Ons bid vir die verkiesing wat voorlê en dat dit tot opbou sal wees van God se Koninkryk.
- Ons bid vir almal wat besig is om eksamen te skryf.
- Ons vra dat die Here ons as instrumente in sy Hand sal gebruik om by te dra tot sosiale opheffing in ons stad.
- Dat die Here aan ons sal wys hoe om effektiewe dissipels in hierdie stad te wees

Chri-sante: Panorama en Louis Leipoldt: Misha van Wyk: 084 899 5676

Alle Hospitale: Cornelia Jansen / Cape Gate: Ida v Dolderen

WEBTUISTE: <https://www.gkbo.org>

Ds Brahm Robinson: 064 656 1374

brahmrobinson@gmail.com

Ds Jaco Linde 062 552 5492

lindejaco@gmail.com

Kerkkantoor/whatsapp: 082 712 4629

admin@gkbo.org.za

Kassier: 083 659 1301

kassier@gkbo.org.za

Kosters: Elfriede / Melanie 083 636 9840 / 084 308 3118 koster@gkbo.org.za

KOLLEKTES: VANDAG : Diakonale Kas en Instandhouding v d Erediens en GK Elsie'srivier
Sondag 1 November : Diakonale Kas en Thusofonds

VANDAG:
Orrel: Carike Byker-Nel
Projektor: Jenny Wendt
Teeskink: GF29, GF30; BR1 en BR3
Parkeerterrein: Matt Venter en Lea Robinson

Sondag 1 November:
Bart van Milligen
Wim Gevers
GF35; GF36; BR2; BR5
Johann en Jocelin Venter

KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG: Kobus van der Walt en Jan Venter
Sondag 1 November: Werner van Geer en Hennie Venter

DAGBOEK 25 Oktober tot 01 November

VANDAG	Gebedsgeleentheid	Gebedskamer	8:30
VANAAND	Gesamentlike erediens	GK Bellville	18:00
Di 27/10	Griefshare sessie 11	GKBO konsistorie	9:30

Bybelstudies

Ma 26/10	Aand Bybelstudie (Eugene)	GKBO	19:00
Woe 28/10	Oggend Bybelstudie (Brahm)	GKBO	10:00
Do 29/10	Studente Bybelstudie (Jaco)	Aan huis by Jaco	19:00
Do 29/10	Weskus Bybelstudie	Cornelia Jansen	18:45

Van die Kerkraadstafel:

Bevestiging van ouderling

Mias van der Walt word vanoggend tydens die oggenderediens in die amp van ouderling bevestig. Ons bid hom ook die seën, wysheid en insig van die Here toe met die uitvoer van hul roeping.

Geloofs familie-meningsopname

Ons herinner aan die geloofs familie-meningsopname en moedig lidmate aan om u insette in te dien. U het nog tot vandag tyd om dit te doen. Beide elektroniese en harde kopie vorms is beskikbaar.

<https://gkbo.kalah.app/vorms/kleingroepe-2026>

Baie dankie vir u deelname en waardevolle insette.

Belydenis van Geloof – ondervraging:

Die gesin Nel, Barry, Magda en Valeska sowel as **Chanté Opperman** het by die kerkraad aansoek gedoen om Belydenis van Geloof af te lê. 'n Kommissie van die Kerkraad sal hulle DV vanoggend ondervra met die oog op hulle aansoek. Ons bid dat die Here vir hulle wysheid en insig sal gee hiermee.

Gesamentlike aandere diens : GK Bellville

Ons herinner graag aan die gesamentlike Hervormings-erediens DV vanaand oim 18:00 by ons sustersgemeente GK Bellville (regoor Louis Leipoldt Hospitaal, Broadway, Bellville.) GK Bellville nooi ons ook hartlik uit om na die diens saam met hulle tee/koffie en verversings te geniet.

Onthou asseblief om psalmboekies saam te neem aangesien die liturgie nie op 'n skerm vertoon word nie. Sien ook die liturgie op die voorblad van die Boodskapper.

Griefshare: Komende Dinsdagoggend word **sessie 11** van die derde Griefshare program aangebied. Dit vind plaas in die GKBO konsistorie om 9:30.

Lidmaatsake en Nuus

Meelewing:

- **Beth Joubert** het 'n voetoperasie ondergaan en sterk tans aan in die hospitaal. Ons bede is vir 'n suksesvolle operasie en spoedige beterskap.
- **Retha Homann** se man is in ICU opgeneem. Ons bid saam met hulle vir 'n algehele herstel.

Gelukwensings:

Baie geluk aan **Liezl Mouton** wat die 17de Oktober verloof geraak het aan **Ruan van Tonder**. Geluk ook aan ma Annamie met hierdie geleentheid. Mag die Here al die voorbereidings wat voorlê seën.

Baie welkom:

Ons verwelkom graag vanoggend die volgende nuwe lidmate:

Gert Beeslaar sluit by ons aan vanaf NG Uitsig in Bloemfontein. Gert is Retha Lubbe se pa. Ons is saam met hulle bly dat hulle nou meer met mekaar kan kuier!

Henk en Emma Roux kom van GK Mosselbaai en het ook onlangs hier ingetrek. Mag julle ook gou tuis voel.

(Persoonlike inligting en foto verwyder in lyn met die Popia-wet)

GKSA 2027 Almanak – bestel betyds!!

Die nuwe **GKSA 2027 Almanak** is nou beskikbaar vir bestelling @R150 elk (BTW, posgeld en verpakking ingesluit.) Ons kan **net tot Sondag 1 November** bestellings neem. Plaas asseblief u bestelling betyds deur OF 'n whatsapp te stuur na 082 712 4629 OF 'n epos na admin@gkbo.org.za. Betalings moet asseblief ook voor 1 November gemaak word, in die kerk se bankrekening, met die verwysing NAAM+ALMANAK.

Epos asseblief u bewys van betaling na admin@gkbo.org.za en nie na die kassier nie.

Geen bestellings of betalings moet in die kollekesakkies geplaas word nie – ons gaan dit nie betyds kry nie. Sodra ons die besending ontvang sal ons u verwittig en reël vir die afhaal daarvan.

Kan jy help?


Een van die lidmate wat die Engelse dienste bywoon, is dringend op soek na enige werksgeleentheid. Sy het ervaring in tuisversorging vir bejaarde/siek mense. Sy doen ook goed naaldwerk, maar is bereid om enige werk te doen om 'n inkomste te genereer. Sy woon in die Eversdal omgewing.

Indien u kan help, kontak asseblief vir Joe Voogt by 082 920 3057.



Mediateek

In *Understanding Trauma* gee Steve Midgley waardevolle leiding oor hoe om met deernis, sensitiwiteit en begrip mense wat swaar laste en emosionele wonde dra, te ondersteun.



Kom sing "Shanties" by StraatKoffie.

Vir die manne en dames wat lief is vir sing, meer spesifiek vir "*shanties*" (werk/see liedjies) sing, stuur gerus jou naam en nommer aan Burger by 079 699 0771. Kom kuier Donderdagaand 10 Desember, vanaf 19:00 – 21:00.

Die Skooltassie-Projek 2027

Dit is weer tyd vir ons **Skooltassie-Projek vir die 2027-skooljaar**, waarmee ons die laerskoolkinders van Goliath Estate wil ondersteun.



Daar is tans **ongeveer 65 kinders van Graad R tot Graad 7**, waarvan die meeste in Aristeia Laerskool is. Soos die afgelope twee jaar, wil ons graag aan elke kind die belangrikste skryfbehoeftes vir die nuwe skooljaar voorsien.

Hierdie jaar gaan ons die skryfbehoeftes in grootmaat aankoop en volgens graad verpak. Die beraamde koste beloop **R700 tot R800 per kind**. Ons benodig dus ongeveer **R50 000** om hierdie projek moontlik te maak.

Hoe kan jy help? Donasies kan in die volgende rekening inbetaal word:

Charitas GKBO NPC : Bank: FNB : Rekeningtype: Gold Business Account
Rekeningnommer: 62752972573 : Verwysing: Skooltassie

Elke bydrae, groot of klein, help ons om hierdie kinders met die nodige **skryfbehoeftes, hoop** en **selfvertroue** toe te rus vir 2027.

Baie dankie vir julle ondersteuning en bereidwilligheid om saam met ons in hierdie kinders se toekoms te belê!



Groete, **Charitas GKBO**

Jy word uitgenooi na die
susters van Bellville—Oos se

KEN-MEKAAR

&

**SKOOLTASSIE – PROJEK
–HELP TERWYL JY KUIER!–**


**ONS PAK SKRYFBEHOEFTE VIR
61 BEHOEFTIGE KINDERS VIR
LAERSKOOL ARISTEA**

14 November

9–12 vm

Kerk se saal

Bring asb 'n bordjie eetgoed saam!



14 NOVEMBER 2026

GKBO ROEI

DIE BREEDE RIVIER

R800 pp

Etes, vervoer & kanoes ingesluit

BESPREKINGS SLUIT

9 NOVEMBER 2026

Beperkte plek beskikbaar.

Kontak asb. vir Wagner Human om jou plek te bespreek.

 **083 235 3727**

**Geen kinders onder 14 jaar*

Hier is die skakel om plek te bespreek:

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeU_aGhvI4HyO0hR648qomHhHdouIUvhfLOc8QuBASrOfx6GA/viewform?usp=sharing&ouid=115055624015156791864

GK Stellenbosch bied aan :

Lewe in die Lig

Ligdraersdans



“Ek is die lig vir die
wêreld. Wie My volg,
sal beslis nie in die
duisternis leef nie,
maar sal die lig van
die lewe hê.”

~ Johannes 8:12

**Alle studente en
jongwerkendes !**

Datum : 18 November

Tyd : 17:30 vir 18:00

tot 22:00

Venue : Kijk in de Pot

Koste : R350 (enkel)

R650 (dubbel)

Kleredrag : Formeel

**Kaartjie
besprekings:**



Om te bespreek: <https://forms.gle/TQe6Wk3nnj25ZRwR7>

GKBO Susters, jonk en nie meer so jonk..

Daar is heelwat van ons susters wat nog nie op die Susters Whatsapp groep is nie. Ons wil baie graag ieder en 'n elk kan bereik, betrek en bedien. Skandeer die onderstaande QR kode of gebruik die whatsapp-groep skakel.



Susters whatsapp groep: <https://chat.whatsapp.com/Li6sRsiiD4Q5IyrAX6PVel>

Enkelpersoon woonstel beskikbaar:

In Stellenberg naby die Hoërskool – kontak vir Delina by 082 927 3416.

Verjaarsdae



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar en in besonder **Hettie Scheepers, Sarel Eloff, Annatjie Krüger en Evert Veenstra**. Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

Ma	26/10	DANIËL	MARAIS	GF33
		THOMAS	VAN ZYL	GF29
Di	27/10	IZAK	HUISAMEN	GF22
Woe	28/10	LISA	LOOCK	GF06
		HETTIE	SCHEEPERS	OA1
		LAETITIA	VAN DALEN	GF08
		GIZELLE	VAN ZYL	GF29
Do	29/10	DANIELLE	COSTERUS	GF32
		ANJE	HOLLOWAY	KU3
		COR	VAN DER WALT	GF08
Vry	30/10	ANLI	DE VILLIERS	GF22
		LENÉ	DU PLESSIS	GF04
		SAREL	ELOFF	GF14
		ANNATJIE	KRÜGER	ST1
		EVERT	VEENSTRA	DS1
Sat	31/10	HESTER	HOLLOWAY	KU3
		SJON	VOOGT	GF08

GKBO Kommunikasiekanale

Die gemeente het verskeie **kommunikasiekanale vir die vinnige verspreiding van inligting**. Die Whatsapp kanale is nie klets-groepe nie en **slegs admins** kan boodskappe versprei.

Algemene Gemeente boodskappe: (Slegs lidmate)

<https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIg02GtRv1dq>

Skakel na die gemeente se kalender:

<https://www.gkbo.org/kalender>

Kontaknommer vir die kerkkantoor: Jenny Wendt 082 712 4629

Bolandkamp 2026

Egte geloof in 'n
kunsmatige wêreld



Graad 8 - 12's | 2 - 6 Desember
Disakloof Kampterrein, Bettysbaai

**Hierdie advertensie is gemaak deur 'n mens*



← Inskrywingsvorm



Ek praat die waarheid!



Lees elke sin. Trek 'n sirkel om WAAR of ONWAAR. Party vrae toets jou kennis, terwyl ander vrae jou oor jou hart laat dink.

Deel I: Wat sal jy doen?

Kies of elkeen van hierdie kinders die waarheid praat:

1. Ben breek per ongeluk sy ma se koppie. Niemand het dit gesien nie.

Hy sê: "Die hond het dit omgestamp."

Praat Ben die waarheid?

☒ Waar

☐ Onwaar

2. Liela eet die laaste koekie en sê:

"Ja Mamma, ek het dit geëet."

Praat Liela die waarheid?

☒ Waar

☐ Onwaar

3. Tim vergeet sy huiswerk en sê vir die juffrou:

"Ek was siek." Maar, hy was nie.

Praat Tim die waarheid?

☒ Waar

☐ Onwaar

4. Emma mors sap op die vloer en roep:

"Mamma, ek het 'n fout gemaak."

Praat Emma die waarheid?

☒ Waar

☐ Onwaar

Deel 2: Waar of onwaar: Wat dink jy?

1. As ek iets breek, is dit beter om die waarheid te vertel.

☒ Waar ☐ Onwaar

2. Leuens help altyd om probleme op te los.

☒ Waar ☐ Onwaar

3. God hou van waarheid.

☒ Waar ☐ Onwaar

4. Dis reg om iemand anders te blameer vir iets wat ek gedoen het.

☒ Waar ☐ Onwaar

5. Eerlikheid help mense om my te vertrou.

☒ Waar ☐ Onwaar

6. Niemand sal ooit uitvind as ek jok nie.

☒ Waar ☐ Onwaar

7. Jesus wil hê ons moet eerlik wees.

☒ Waar ☐ Onwaar

8. Ek kan jammer sê nadat ek die waarheid vertel het.

☒ Waar ☐ Onwaar

Deel 3: Vrae vir jou hart

Hier is nie "regte antwoorde" nie, jy kan dit in jou stiltetyd antwoord.

1. Ek vertel die waarheid, selfs wanneer ek bang is.

☒ Waar ☐ Onwaar

2. Ek blameer soms ander vir my foute.

☒ Waar ☐ Onwaar

3. Ek voel veiliger om die waarheid by my huis te vertel.

☒ Waar ☐ Onwaar

4. Ek het al gelieg om uit die moeilikheid te bly.

☒ Waar ☐ Onwaar

5. Ek wil leer om meer eerlik te wees.

☒ Waar ☐ Onwaar

6. Ek weet God vergewe my wanneer ek my sonde bely.

☒ Waar ☐ Onwaar